NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade 'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg
Kerkkantoor ure: Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

18 Oktober 2020

Hartlik welkom in die huis van die Here

09:30 – Erediens

Ds. Jaco Thom

Skriflesing: Genesis 46:1-7

Tema: Geloof is om te bly hoop

Jakob moet nou die land van belofte verlaat om na Egipte te gaan. Laat hy daarmee ook God se beloftes en sekerhede agter?

Deuroffers vandag:
Erediensnetwerk

Deuroffers volgende Sondag:
Hospitaalbediening

Voorbidding

Bid asb steeds vir die korona-pandemie. Bid dat mense met verantwoordelikheid sal optree sodat ons die virus kan uitklits. Bid vir die mense wat direk geraak is en geraak word deur geliefdes wat hulle verloor het, siek is, en die gesondheidsdienste wat siekers verpleeg. Bid veral ook vir Ons Woning se inwoners en personeel.

Bid vir almal wat geraak word deur geweldsmisdade, veral ons plaasgemeenskappe. Bid vir die politieke wil om misdaad te bekamp, en onkreukbare polisie wat hulle plig nougeset uitvoer.

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit ‘n besonderse jaar vir elkeen van julle wees!

Oktober

18 Merlind Janse Van Rensburg
18 Terblanche Naudé
18 Dirk Terblanche
19 Elmien Thom
22 Johan De Lange
22 Faan Kriel
24 Tikkie Nieuwoudt
24 Francois Van der Merwe

Huweliksherdenking

21 Jan & Matty Van Loggerenberg (46j)
22 Philip & Andrea Bredenhann (41j)
24 Kobus & Elke Van der Westhuizen (9j)

Tiende Maand Insameling

Die Augustusmaand-insameling is verskuif na Oktober. Hierdie geld word nie binne die gemeente spandeer nie, maar gaan vir Ons Woning, Ons Kinderhuis, Bybelverspreiding en plaaslike sendingwerk.

Ons program

Hervormingsfees

Die laaste Sondag van Oktober is elke jaar Hervormingsfees, waartydens ons dankbaar ons gereformeerde erfenis onthou en vier. Dit is ‘n gesamentlike diens met die Gereformeerde Kerk.

Kerkraadsvergadering

Dinsdag 27 Oktober om 18:00 in die konsistorie : Kerkraadsverkiesing

GEBEDSWAG: 19-24 Oktober 2020

Gebed by Psalm 130

Vader, ons dra aan u troue liefde op
almal wat roep uit die dieptes;
help hulle om te waak en bid
deur hulle tyd van donkerte,
in die vaste hoop op die daeraad
van u vergifnis en verlossing;
deur Jesus Christus ons Here.

Borge vir die Kalender van 2021

Ons het sowaar nog net drie maande van die jaar oor en ds. Jaco is reeds besig met die Kalender . Ons vra weer borge asseblief, dit is weer R135 ‘n maand se borg. Indien u belangstel om ‘n maand te borg email asseblief die volgende na die kerkkantoor:

- Die maand wat u wil borg,
- Besigheidslogo/ ‘n mooi foto en of boodskap wat vir u baie beteken,
- Bewys van betaling asb.

Die vorige jaar was al die maande in die eerste week geborg, moet dus nie te lank wag nie. ***Laat weet asseblief voor of op 23 Oktober***.

Email addres: ngkpetrusburg@gmail.com

Bankbesonderhede:
NG Kerk Petrusburg
Absa
Rek: 2610580001
Verwysing: Voorletters +Van en Kalender

DIE BYNES HOU BASAAR!!

Ons benodig dringend asseblief nog skenkings in die vorm
- Koeke & gebak
- Lekkrgoed
- Poedings
- Pannekoekdeeg
- Items vir ons wit olifant tafel
- Kontant bydraes

Los asb ‘n boodskap of kontak vir Lizane of Carina de Lange as jy ‘n bydrae wi maak!!